

**7 Mei**

**Skrifgedeelte: Psalm 71 (OAV)**

**Fokusgedeelte: Psalm 71:23**

### **God verlos van kleins af**

Die mens is 'n psigosomatiese wese; liggaam en siel vorm 'n geheel en is ten nouste verbind. Wat met die een gebeurtenis beïnvloed die ander. Wanneer jy bekommerd is, voel jy moeg en wanneer jy angstig is, slaap jy sleg.

Dit werk ook so met die ouderdom. Wanneer jou liggaams- en verstandskragte afneem, werk dit dikwels die gevoel van liggaamlike en geestelike magteloosheid in die hand. Op sy beurt bring dit weer die gevoel van ontoereikendheid, verlatenheid, hulpeloosheid en verstotenheid mee.

Iets hiervan ervaar die bejaarde psalmdigter terwyl daar boonop 'n geweldenaar as vyand op sy lewe loer. Sommige verklaarders reken dat hierdie geweldenaar Absalom is, eie seun van die bejaarde koning Dawid, wat hom uit die weg wil ruim en in sy plek die koningskap wil opeis. Die aanslag is so intens dat hy Jerusalem moet verlaat en vlug.

Dink net: Jou eie kind wat teen jou opstaan! Dan verstaan 'n mens sy versugting in vers 9 en 12: "Verwerp my nie in die tyd van die ouderdom nie, verlaat my nie as my krag gedaan is nie ... o God, wees nie ver van my af nie; my God, maak tog gou om my te help!"

Tog bring die ouderdom met al die gebreke iets met hom saam wat buite bereik is van dié wat nog jonk en sterk is: ervaring. Die jonges weet van die magtige dae van God, maar die oues weet nie alleen nie, hulle het al baie daarvan beleef en deurleef. Hulle het dit ervaar. Daarom kan hulle en moet hulle dit aan die volgende geslag verkondig (vs 18).

Die digter kan eerstehands getuig van God se verlossingsdade van kleins af. Hy het geleer dat jy alleen deur God se krag en verlossingswerk kan leef. God is magtig en getrou. Daarom soek hy in die ouderdom sy toevlug nou ook by God. Hy gee homself oor aan God. Hy herinner homself aan sy beproefde beskermers. En hy word nie teleurgestel nie. Hy ervaar dat God sy grootheid vermeerder en hom troos (vs 21).

Dit bring 'n hartlike jubelende dankbaarheid in hom op wat nie binne mag bly nie, maar tot uiting kom in vers 23: "My lippe sal jubel as ek psalmsing tot u eer, en my siel wat U verlos het" ... juis omdat ek gelukkig al oud en ervaar is!

*Sing: Psalm 59:1, 10 (1936)*

*Ds JJ de Kock (Vaalharts)*